Les 10

**26 Augustus-1 September*

Die Twee Verbonde

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:
Galasiërs 4:21–31; Genesis 1:28; 2:2, 3; 3:15; 15:1–6; Eksodus 6:2–8; 19:3–6.

Geheueteks:
"Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal" *(Galasiërs 4:26).*

Christene wat die gesag van die Ou Testament verwerp, sien dikwels die gee van die wet op Sinai as teenstrydig met die evangelie. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die verbond wat op Sinai gegee is, 'n era verteenwoordig, 'n bedeling, van 'n tydperk in die menslike geskiedenis toe verlossing gebaseer was op gehoorsaamheid aan die wet. Maar omdat die volk gefaal het om die vereistes van die wet na te kom, het God (sê hulle) 'n nuwe verbond bekendgestel, 'n verbond van genade deur die verdienste van Christus. Dit is hulle begrip van die twee verbonde: die oue is gebaseer op die wet, die nuwe is gebaseer op genade.

Al is hierdie siening hoe algemeen, dit is foutief. Verlossing was nooit deur gehoorsaamheid aan die wet nie; bybelse Judaïsme, van die begin af, was nog altyd 'n godsdiens van genade. Die wettiesheid waarmee Paulus in Galasië gekonfronteer was, was 'n verdraaiing, nie slegs van die Christendom nie, maar van die Ou Testament self. Die twee verbonde gaan nie oor tyd nie; hulle is eerder weerspieëlend van menslike gesindhede. Hulle verteenwoordig twee verskillende wyses waarop met God in verhouding getree word, selfs wyses wat terug gaan tot by Kain en Abel. Die ou verbond verteenwoordig diegene wat, soos Kain, foutiewelik staat maak op hulle gehoorsaamheid om God te behaag, en in teenstelling verteenwoordig die nuwe verbond die ondervinding van diegene, wat soos Abel, ten volle staat gemaak het op God se genade wat alles sou doen wat Hy beloof het.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 2 September.*

Sondag

27 Augustus

Die basiese van die verbond

Talle beskou Paulus se interpretasie van Israel se geskiedenis in Galasiërs 4:21–31 as die moeilikste gedeelte van hierdie brief. Dit is ‘n hoogs komplekse argument wat ‘n breë kennis van Ou Testamentiese persone en gebeure vereis. Die eerste stap om sin te probeer maak van hierdie gedeelte is om ‘n basiese begrip van ‘n Ou Testamentiese konsep te hê wat sentraal in Paulus se diskoers staan: die konsep van die verbond.

Die Hebreeuse woord wat vertaal word as “verbond” is berit. Dit kom bykans drie honderd keer in die Ou Testament voor en verwys na ‘n bindende kontrak, ooreenkoms, of verdrag. Vir duisende jare het verbonde ‘n integrale rol gespeel in die omskrywing van verhoudings tussen mense en volke dwarsoor die antieke Nabye Ooste. Verbonde het dikwels die slag van diere ingesluit as deel van die proses om ‘n verbond te maak (letterlik “sny”). Die doodmaak van ‘n dier was ‘n simboliese gebaar om aan te toon wat sou gebeur indien ‘n party versuim om sy verbondsbeloftes en verpligtinge na te kom.

“Van Adam tot Jesus, het God met die mens gehandel deur middel van ‘n reeks verbondsbeloftes wat gesentreer het rondom ‘n komende Verlosser en wat sy hoogtepunt in die Dawidiese verbond gekry het *(Gen. 12:2, 3; 2 Sam. 7:12–17; Jes. 11)*. God beloof aan Israel in Babiloniese ballingskap ‘n effektiewer ‘nuwe verbond’ *(Jer. 31:31–34)* in verband met die koms van die Dawidiese Messias *(Eseg. 36:26–28; 37:22–28)*.” — Hans K. LaRondelle, *Our Creator Redeemer* (Berrien Springs, Mich.: Andrews University Press, 2005), p. 4 – vry vertaal.

Wat was die basis van God se oorspronklike verbond met Adam in die Tuin van Eden voor sonde? *Gen. 1:28; 2:2, 3, 15–17.*

Alhoewel die huwelik, fisieke arbeid, en die Sabbat deel was van die algemene voorsienings van die verbond van die skepping, was sy hoof fokuspunt God se opdrag om nie die verbode vrug te eet nie. Die basiese aard van die verbond “wees gehoorsaam en leef!” Met ‘n gesindheid wat geskape is om in harmonie met God te wees, het die Here nie die onmoontlike verwag nie. Gehoorsaamheid was die mensdom se natuurlike neiging; en tog het Adam en Eva gekies om nie te doen wat natuurlik is nie, en in daardie daad het hulle nie net die verbond van die skepping verbreek nie, hulle het die voorwaardes daaraan verbonde onmoontlik gemaak vir die mens wat deur sonde besmet is. God Self sou die verhouding herstel wat Adam en Eva verloor het. Hy het dit gedoen deur ‘n verbond van genade in te stel wat gebaseer is op die ewige beloftes van ‘n Verlosser *(Gen. 3:15)*.

Lees Genesis 3:15, die eerste evangelie-belofte in die Bybel. Waar in hierdie vers sien jy ‘n aanduiding van die hoop wat ons in Christus het?

Maandag

28 Augustus

Die Abrahamitiese verbond

Watter verbondsbeloftes het God aan Abram gemaak in Genesis 12:1–5? Wat was Abram se reaksie?

God se oorspronklike beloftes aan Abram beslaan een van die kragtigste gedeeltes in die Ou Testament. Hierdie verse handel alles oor God se genade. Dit is God, nie Abram nie, wat die beloftes maak. Abram het niks gedoen om God se guns te verdien nie, en daar is ook geen aanduiding dat God en Abram saamgespan het om met hierdie ooreenkoms vorendag te kom nie. God maak al die beloftes. In teenstelling word Abram geroep om geloof te hê in die sekerheid van God se belofte, nie 'n wankelrige sogenaamde "geloof" nie ,maar 'n geloof wat gemanifesteer word deur sy uitgebreide familie agter te laat (op 75-jarige ouderdom!) en op pad te wees na die land wat God beloof het. "Met die 'seën' wat oor Abraham uitgespreek is, en deur hom op alle mense, hernu die die Skepper Sy verlossingsdoelwit. Hy het Adam en Eva in die paradys 'geseën' *(Gen. 1:28, 5:2)* en toe vir Noag en sy seuns 'geseën' na die sondvloed (9:1). Op hierdie wyse het God sy vroeëre beloftes uitgeklaar van 'n Verlosser wat die mensdom sou kom verlos, die bose tot niet maak, en die paradys herstel *(Gen. 3:15)*. God het Sy belofte bevestig om 'alle mense' te seën in Sy universele uitreik."—Hans K. LaRondelle, *Our Creator Redeemer,* pp. 22, 23 – vry vertaal.

Nadat daar tien jaar gewag is vir die beloofde seun om gebore te word, watter vrae het Abram gevra aangaande God se belofte? *Gen. 15:1–6.*

Dis dikwels maklik om Abram te verheerlik as die man van geloof wat nooit enige vrae of twyfel gehad het nie. Die Skrif skilder egter 'n ander prentjie. Abram het geglo, maar hy het ook vrae gehad. Sy geloof was 'n groeiende geloof. Soos die vader in Markus 9:24, het Abram basies aan God in Genesis 15:8 gesê: "Ek glo, help my ongeloof." In reaksie hierop het God genadiglik aan Abram die versekering van Sy belofte gegee deur formeel 'n verbond met hom aan te gaan *(Gen. 15:7–18)*. Wat hierdie gedeelte so verbasend maak, is nie die feit dat God 'n verbond met Abraham gesluit het nie, maar dit feit dat God meer as gewillig was om Homself te verwerdig om dit te doen. In teenstelling met heersers van die antieke Nabye Ooste, wat dit vermy het om enige bindende beloftes met hulle onderdane te maak, het God nie slegs Sy woord gegee nie, maar op simboliese vlak ook beweeg deur die stukke van geslagte diere, deur Sy eie lewe op die spel te plaas. Natuurlik het Jesus uiteindelik Sy lewe op Golgota gegee om Sy belofte 'n werklikheid te maak.

Op watter gebiede moet jy deur geloof uitreik en glo in dit wat onmoontlik blyk? Hoe kan jy leer om vas te hou, ongeag wat ook al gebeur?

Dinsdag

29 Augustus

Abraham, Sara, en Hagar

Waarom het Paulus so 'n neerhalende siening van die voorval met Hagar gehad? ***Gal. 4:21–31, Genesis 16.*** **Watter belangrike punt oor verlossing maak Paulus hier, deur gebruik te maak van hierdie verhaal uit die Ou Testament?**

Hagar se plek in die Genesisverhaal hou direk verband met Abram se onvermoë om God se belofte te glo. As 'n Egiptiese slaaf in Abram se huishouding was Hagar waarskynlik aan Abram gegee as een van die talle geskenke wat die Farao hom in ruil vir Sarai aangebied het, 'n gebeurtenis wat geassosieer word met Abram se eerste daad van ongeloof in God se belofte *(Gen. 12:11–16).* Nadat hulle tien jaar gewag het vir die beloofde kind om gebore te word, was Abram en Sarai nog steeds kinderloos. Nadat hulle gedink het dat God hulle hulp benodig, bied Sarai vir Hagar aan as Abram se byvrou. Alhoewel dit vandag vir ons vreemd mag wees, was Sarai se plan baie slim. Volgense antieke gebruike kon 'n vroulike slaaf ook wettig dien as 'n surrogaatmoeder vir haar onvrugbare meesteres. Daarom kon Sarai dus enige kind wat uit haar eggenoot en Hagar gebore word, as haar eie beskou. Al het die plan uiteindelik 'n kind opgelewer, was dit nie die kind wat God beloof het nie. In hierdie verhaal is daar 'n kragtige voorbeeld van hoe selfs 'n groot man van God, in die aangesig van uitdagende omstandighede, 'n terugslag in sy geloof kan hê. In Genesis 17:18, 19, pleit Abraham by God om Ismael as sy erfgenaam te aanvaar; maar die Here verwerp natuurlik daardie aanbod. Die enigste "wonderbaarlike" element van hierdie verhaal in die geboorte van Ismael, was Sara se gewilligheid om haar man met 'n ander vrou te deel! Daar was niks buitengewoon aan die geboorte van 'n kind aan hierdie vrou nie, 'n kind gebore "volgens die vlees". As Abraham maar vertrou het in wat God hom beloof het in stede daarvan om die omstandighede die oorhand te laat kry het oor daardie vertroue, sou niks hiervan gebeur het nie, en baie hartseer sou vermy kon wees.

In teenstelling met die geboorte van Ismael, kyk na die omstandighede rondom Isak se geboorte. ***Gen. 17:15–19; 18:10–13; Heb. 11:11, 12.*** **Waarom het hierdie vereistes soveel geloof van Abraham en Sara geverg?**

Op watter wyses het jou gebrek aan geloof in God se beloftes vir jou pyn veroorsaak? Hoe kan jy uit hierdie foute leer om God op Sy woord te neem, ongeag wat ook al? Watter keuses kan jy maak wat jou vermoë kan versterk om op God se beloftes te vertrou?

Woensdag

30 Augustus

Hagar en die berg Sinai *(Gal. 4:21–31)*

Watter soort verbondsverhouding wou God met Sy volk by Sinai sluit? Watter ooreenkomste bestaan daar met God se belofte aan Abraham? Eks. 6:2–8, 19:3–6, Deut. 32:10–12.

God het daarna verlang om dieselfde verbondsverhouding met die kinders van Israel by Sinai te geniet as wat Hy met Abraham gehad het. Daar bestaan ook heelwat ooreenkomste tussen God se woorde aan Abraham in Genesis 12:1–3 en Sy woorde aan Moses in Eksodus 19. In beide gevalle benadruk God wat Hy vir Sy mense sal doen. Hy vra nie die Israeliete om te beloof om enigiets te doen om Sy seën te verdien nie; in stede hiervan hoef hulle net gehoorsaam te wees as 'n respons op daardie seëninge. Die Hebreeuse woord wat vertaal word as "om te gehoorsaam" in Eksodus 19:5 beteken letterlik "om te hoor". God se woorde impliseer hoegenaamd nie geregtigheid deur werke nie. Trouens, Hy wou hê dat Israel dieselfde soort geloof sou hê wat gekenmerk is deur Abraham se respons op Sy beloftes (ten minste die meeste van die tyd!).

Indien die verbondsverhouding wat God aan Israel op Sinai gemaak het, soortgelyk is aan die een wat aan Abraham gegee is, waarom identifiseer Paulus berg Sinai met die negatiewe ondervinding met Hagar? Eks. 19:7–25; Heb. 8:6, 7.

Die verbond by Sinai was bedoel om die sondigheid van die mensdom, en die genesing van God se oorvloedige genade, wat in die heiligdomsdiens uitgebeeld is, uit te wys. Die probleem met die verbond op Sinai was nie te wyte aan God nie, maar eerder weens die foutiewe beloftes van die mense *(Heb. 8:6)*. In stede daarvan om te reageer op God se beloftes in nederigheid en geloof, het die Israeliete gereageer met selfvertroue. " 'Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen' " *(Eksod. 19:8)*. Nadat hulle vir meer as vier honderd jaar in Egipte as slawe geleef het, het hulle geen konsep gehad van God se majesteit of die omvang van hulle eie sondigheid nie. Op dieselfde wyse as wat Abraham en Sara gepoog het om God van hulp te wees om Sy beloftes te vervul, het die Israeliete gepoog om God se verbond van genade om te keer in een van 'n verbond van werke. Beide Hagar en Sinai simboliseer die wyses waarop die mens poog om verlossing deur werke te verkry. Paulus maak nie daarop aanspraak dat die wet wat op Sinai gegee is boos was of mee weggedoen is nie. Sy bekommernis lê by die Galasiërs se wettiese wanbegrip van die wet. "In stede daarvan om hulle te oortuig van die absolute onmoontlikheid om God te behaag deur wetsonderhouding, het die wet 'n diepliggende vasberadenheid in hulle verskans om staat te maak op persoonlike hulpbronne om God te behaag. Dus het die wet nie die doelwitte van genade gedien om die Judaïseerders na Christus te lei nie. Dit het hulle eerder van Christus afgesluit."—O. Palmer Robertson, The Christ of the Covenants (Phillipsburg, N.J.: *Presbyterian and Reformed Publishing* Co., 1980), p. 181 – vry vertaal.

Donderdag *31 Augustus*

Ismael en Isak vandag

Paulus se bondige skets van Israel se geskiedenis is ontwerp om die argumente van sy teenstanders te weerlê. Hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle die ware afstammelinge van Abraham was, en Jerusalem – die middelpunt van Joodse Christendom en die wet – hulle moeder. Hulle het die heidene as "buite-egtelik" (ook: basters) beskou; indien hulle ware volgelinge van Christus wou word, moet hulle eerstens 'n seun van Abraham word en hulle onderwerp aan die wet van besnydenis. Die waarheid, sê Paulus, is die teenoorgestelde. Hierdie legaliste is nie die seuns van Abraham nie, maar is buite-egtelike seuns, soos Ismael. Deur hulle vertroue in die besnydenis te plaas, het hulle op die "vlees" staatgemaak, soos Sara met Hagar gemaak het, en soos die Israeliete met God se wet op Sinai gemaak het. Heiden-gelowiges was egter wel die seuns van Abraham, alhoewel nie as natuurlike afstammelinge nie, maar, soos Isak, deur die bonatuurlike. "Soos Isak was hulle 'n vervulling van die belofte wat aan Abraham gemaak is . . . ; soos Isak, was hulle geboorte die gevolg van goddelike genade; soos Isak, behoort hulle aan die lys van die verbonde van belofte."—James D. G. Dunn, *The Epistle to the Galatians* (London: Hendrickson Publishers, 1993), p. 256 – vry vertaal.

Waarmee sal die ware afstammelinge van Abraham gekonfronteer word in hierdie wêreld? *Gal. 4:28–31, Gen. 21:8–12.*

Isak as die beloofde kind, het nie slegs seëninge gebring nie, maar ook teenkanting en vervolging. Met verwysing na vervolging het Paulus die seremonie in Genesis 21:8–10 in gedagte, waar Isak geëer is en dit lyk of Ismael hom terg. Die Hebreeuse woord in Genesis 21:9 dra die betekenis van "om te lag", maar Sara se reaksie suggereer dat Ismael besig was om Isak te spot. Al klink Ismael se gedrag nie baie betekenisvol vir ons vandag nie, openbaar dit dieper vyandighede in 'n situasie waar die familie se geboortereg op die spel was. Baie heersers in die antieke tye het hulle posisies probeer verstewig deur potensiële teenstanders te elimineer, en dit sluit broers of susters in *(Rig. 9:1–6)*. Al het Isak teenkanting in die gesig gestaar, het hy ook al die voorregte van liefde, beskerming, en guns wat saam met sy vader se erflating gekom het, geniet. As geestelike afstammelinge van Isak behoort ons nie verbaas te wees wanneer ons probleme en teenkanting moet verduur nie, selfs al kom dit van binne die kerkfamilie self.

Op watter wyses het jy vervolging ervaar, veral van diegene die naaste aan jou, weens jou geloof? Of vra jouself hierdie moeilike vraag: kan jy dalk daaraan skuldig wees dat jy ander vervolg vir hulle geloof? Dink daaroor.

Vrydag

1 September

Verdere leeswerk:

Lees Ellen G. White, "Die wet en die verbonde," pp. 363–373, in *Patriarge en Profete*. "Maar as die verbond met Abraham dan die belofte van die verlossing bevat het, waarom is daar by Sinai 'n ander verbond aangegaan? Tydens hulle ballingskap het die volk die kennis van God en die beginsels van die verbond met Abraham in 'n groot mate vergeet. "God het hulle na Sinai gebring; Hy het Sy heerlikheid geopenbaar; Hy het Sy wet aan hulle gegee en op voorwaarde van gehoorsaamheid groot seëninge beloof: 'As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou . . . sal julle vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees.' Eksodus 19:5, 6. Die volk het nie besef hoe sondig hulle eie harte was en dat dit sonder Christus vir hulle onmoontlik was om Gods wet te hou nie; daarom het hulle nie geaarsel om met God 'n verbond te sluit nie. . . Nogtans het daar net 'n paar weke verbygegaan voordat hulle hulle verbond met God verbreek en neergebuig het om 'n gesnede beeld te aanbid. Hulle kon geen heil van God verwag deur middel van 'n verbond wat hulle verbreek het nie; en noudat hulle hulle sondigheid en hulle behoefte aan vergifnis besef het, het hulle gevoel dat hulle behoefte het aan die Verlosser wat in die verbond met Abraham geopenbaar en in die sondoffers voorafgeskadu is. Nou is hulle deur geloof en liefde aan God as hulle Verlosser uit die diensbaarheid (slawerny) aan die sonde verbind. Nou was hulle in staat om die seëninge van die nuwe verbond te waardeer."—Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, pp. 371, 372.

Vrae om te bespreek:

1. Is jou wandeling met die Here eerder 'n "ou verbond" of 'n "nuwe verbond"? Hoe kan jy die verskil ken?

2. Wat is sommige van die vraagstukke in jou plaaslike kerk wat spanning binne die liggaam veroorsaak? Hoe word hulle opgelos? Al bevind jy jouself as die slagoffer van "vervolging", hoe kan jy ook verseker dat jy nie die een is wat die vervolging doen nie? Waar is die fyn lyn tussen die twee? (lees ook Matt. 18:15–17.)

3. Hoeveel keer het jy al beloftes aan die Here gemaak dat jy nie dit of dat sou doen nie, en om dan juis dit of dat te doen? Hoe help hierdie jammerlike feit jou om te verstaan wat die betekenis van genade is?

Samevatting:

Die verhale van Hagar, Ismael, en die kinders van Israel illustreer die dwaasheid daarvan om te probeer om op jou eie pogings staat te maak om te bereik wat God beloof het. Hierdie metode van eie-geregtigheid word na verwys as die ou verbond. Die nuwe verbond is die ewige verbond van genade wat eerste met Adam en Eva gesluit is na die sondeval, dis hernuwing van die verbond met Abraham, en uiteindelik die verbond in Christus vervul.

Notas